NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Addendum van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

   AFDELING A: Begrip, Taal en Styl (50 punte)
   AFDELING B: Poësie (30 punte)
   AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid (20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.

8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

## VRAAG 1

*Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.*

Lees die rubriek "Karin Brynard skryf: As lekker kuier sleg is" (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Verduidelik wat jy onder die begrip "paradoks" verstaan en waarom die titel van die rubriek dus as 'n paradoks gesien kan word. (2)

1.2 Gee die Standaardafrikaans van die woord "suffelste" (paragraaf 1) en verduidelik waarom die rubriekskrywer dié spesifieke woord gebruik in plaas van die Standaardafrikaans. (2)

1.3 ***MS*** Wat, dink jy, word deur die rubriekskrywer se gebruik van die woord "kudde-bestaan" (paragraaf 1) rakende die mens geïmpliseer? (2)

1.4 Die woord "maar" (paragraaf 1) word gewoonlik as 'n neweskikkende voegwoord in 'n sin gebruik. Waarom begin die rubriekskrywer haar sin hiér met die woord "maar"? Verduidelik waarom dit funksioneel is binne die konteks. (2)

1.5 In paragraaf 1 gebruik die rubriekskrywer die deftige woord "vervloë" wat die voltooide deelwoord van die woord "vervlieg" is.

Gee 'n woord OF 'n omskrywing van die woord "vervloë" sodat dit makliker, binne konteks, verstaan kan word. (1)

1.6 Wat, het die rubriekskrywer se kleinboetie geïnsinueer, het die ouderlinge na die erediens gedoen terwyl hulle in die kar moes wag, en waarom het dit hom " 'n draai aan die oor gekos"? Skryf jou antwoord in Standaardafrikaans neer. (2)

1.7 In die *HAT Aanlyn* word die woord "ootmoed" (paragraaf 3) soos volg gedefinieer:

> **<u>oot</u>·moed** *s.nw.* [geen meervoud] *(verouderend)*
>
> groot nederigheid/onderdanigheid; deemoed: *'n Christen wat met ootmoed bid tot God.*

1.7.1 Hoe word die woordklem in die woord hier aangedui? (1)

1.7.2 Tot watter woordsoort behoort die woord? (1)

IEB Copyright © 2024

1.7.3 In die *Tesourus: Afrikaans SkryfGoed 5* word die volgende verwante woorde vir die woord "ootmoed" gegee:

> **Term:** ootmoed
>
> **Woordsoortkategorie:** s.nw.
>
> **Verwante woorde:** nederigheid, onderworpenheid, onderdanigheid, selfverloëning, eenvoudigheid, geringheid, beskeidenheid, deemoed, gedweeheid, gehoorsaamheid, geseglikheid, volgsaamheid, pretensieloosheid

Watter TWEE verwante woorde pas die beste in die konteks van die paragraaf? Verduidelik volledig. (2)

1.8 Waarom het die gesin die Van Aswegens as 'n beproewing gesien? Antwoord volledig. (2)

1.9 Verduidelik die gebruik van die TWEE dubbelpunte in paragraaf 5 binne konteks van die teks. (2)

1.10 Lees weer paragraaf 8:

Die rubriekskrywer maak tong in die kies beswaar teen 'n lang tafel vol ingenieurs. Watter stereotipes bestaan daar rondom ingenieurs wat hulle ongewenste gaste aan die rubriekskrywer se tafel maak? (2)

1.11 Watter karaktereienskappe of voorwaardes koppel die rubriekskrywer aan die gaste wat sy graag aan tafel wil ontvang? (2)

1.12 Gee TWEE moontlike redes waarom daar van 'n "kamma-lys" in paragraaf 8 gepraat word. (2)

1.13 ***MS*** Die rubriekskrywer maak soms in die rubriek van deftige, soms verouderde Afrikaans gebruik.

Verduidelik waarom dit binne konteks van die rubriek gepas is. (3)

**[28]**



IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2

*Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.*

Lees die rubriek "Party dinge werk nog in ons land" deur Koos Kombuis (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

2.1 2.1.1 Benoem die stylfiguur wat ons in paragraaf 1 aantref. (1)

2.1.2 Wat impliseer dié stylfiguur van die rubriekskrywer se gemoeds-toestand voordat hy homself gedwing het om te dink aan soveel moontlike goed in Suid-Afrika waarop hy steeds trots is? (2)

2.2 In paragraaf 3 kom daar twee skryftekens voor.

Skryf slegs EEN neer, benoem jou gekose skryfteken en gee die funksie daarvan. (1)

2.3 Verbeter die spelfout wat in paragraaf 4 voorkom. (1)

2.4 Benoem die skryfteken in die woord "wêreld" (paragraaf 4) en verduidelik die funksie daarvan. (1)

2.5 Die Engelse uitdrukking "hunky dory" in paragraaf 4 beteken losweg dat alles reg is en dinge goed gaan.

Gee EEN Afrikaanse woord wat die woorde "hunky dory" in die paragraaf kan vervang. (1)

2.6 Watter gevoel of houding word oorgedra deur die gebruik van die postmorfeem in die onderstreepte woord in paragraaf 5? (1)

2.7 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 6 in die lydende vorm oor. (1)

2.8 In paragraaf 6 word 'n informele tussenwerpsel wat op 'n uitroep van verbasing, verwondering, spyt of ontsteltenis kan dui, gebruik.

Skryf die tussenwerpsel neer en kies uit die bostaande lys die beste omskrywing van die tussenwerpsel binne konteks van die paragraaf. (1)

2.9 ***MS*** Die frase "touch wood" (direk vertaal in Afrikaans as "raak aan hout"), word gesê na 'n selfversekerde of positiewe verklaring, om 'n hoop uit te spreek vir 'n mens se geluk om voort te gaan.

Dink jou eie Afrikaanse uitdrukking uit wat soortgelyk is aan die Engelse beskrywing van die frase. (2)

**[12]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 TEKSVERWERKING

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die teks "100 redes om mal te wees oor Suid-Afrika" (Teks 3 in die Addendum) aandagtig deur en voer die opdrag uit.

**Situasie:**

Na 'n gesprek met van jou vriende en medeleerders was jy uiters geskok om te verneem dat die meeste van hulle emigrasie oorweeg.

Jy het op die lys "100 redes om mal te wees oor Suid-Afrika" (Teks 3 in die Addendum) afgekom en as patriot besluit om dit te verwerk tot 'n kort artikel vir julle skoolkoerant.

**Opdrag:**

Skryf nou 'n artikel met die opskrif: Redes om mal te wees oor Suid-Afrika. Jou artikel moet 'n kort inleidende paragraaf van nie meer as twee sinne nie insluit.

**Let wel:**

- Die opskrif van jou artikel word nie by die woordtal getel nie.
- Jou artikel moet tussen **90 en 100 woorde** lank wees; die kort inleidende en slotparagraaf ingesluit.
- Gebruik deurgaans jou eie woorde en skryf volsinne.
- Dui jou totale woordtelling onder jou teks aan.
- Tel alle woorde, ook lidwoorde (die en 'n).
- Jou inhoud mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees of voorstelle byvoeg nie.
- Jy behoort in totaal 8 tot 10 feite in jou artikel in te sluit.
- Jou teksverwerking sal met 'n metingskaal beoordeel word.

**[10]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die gedig "Herinnering" deur Elisabeth Eybers (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Hierdie gedig is 'n Italiaanse sonnet.

Verduidelik volledig hoe die gedig afwyk van die tradisionele Italiaanse sonnet. (2)

4.2 Verduidelik wat jy onder impressionisme verstaan **EN** waarom die gedig as 'n impressionistiese gedig gesien kan word? (2)

4.3 4.3.1 Watter halfrym oorheers die eerste strofe van die gedig? (1)

4.3.2 Waarom kan die herhaaldelike gebruik van dié halfrym as funksioneel gesien word? (2)

4.4 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van die ellipsstippel in reël 9. (2)

4.5 Omskryf die tema van die gedig in jou eie woorde. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).*

Lees die gedig "'n brief van hulle vakansie" deur Breyten Breytenbach (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van die titel van die gedig deur die inhoud te betrek. (2)

5.2 Watter rede kan, nadat die hele gedig gelees is, aangevoer word vir die verwysing na die geloof van die digter se ouers in strofe 1? (1)

5.3 Strofe vier bevat 'n gedeelte waarin die pa in terme van argetipiese vaderbeelde beskryf word. Verwys na enige VIER argetipiese vaderbeelde wat genoem word en noem telkens watter eienskap van die pa dit beskryf. (4)

5.4 Die *HAT Aanlyn* definieer die woord "elegie" soos volg:

> **e·le·gie** *s.nw.* [**elegieë**]
>
> treursang/treurlied oor die dood van 'n beminde; klaaglied; lykdig: *'n elegie oor die verganklikheid van die lewe.*
> [Grieks *elegeia*]

***MS*** Die gedig word geraam deur twee strofes aan die begin en twee strofes aan die einde van die gedig met 'n elegiese toon. Verduidelik aan die hand van voorbeelde hoe 'n elegiese toon in hierdie strofes, deur die gebruik van sekere goedgekose woorde, bewerkstellig word.

(3)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG**

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).*

Lees die gedig "Ecce Homo" deur Wilma Stockenström (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van die titel van die gedig deur die inhoud te betrek. (2)

6.2 Om watter rede word "handeviervoet" drie keer deur die loop van die gedig herhaal? (1)

6.3 Deur die loop van die gedig kry ons verskeie intertekstuele verwysings na bekende historiese en Bybelse figure.

Bewys hierdie stelling deur VIER afsonderlike woorde uit die gedig aan te haal en noem telkens na watter historiese figuur ELKE woord verwys. (4)

6.4 Die *HAT Aanlyn* definieer die woord "satire" soos volg:

> **sa·ti·re** *s.nw.* [**satires**] *(letterlik)*
>
> letterkundige geskrif waarin menslike of individuele swakhede/ dwaashede/ondeugde/wantoestande/tekortkomings bespotlik voorgestel word, soms met die bedoeling om tot verbetering aan te spoor; hekelende geskrif: *Die satire was 'n magtige wapen in die hande van 'n skrywer soos Etienne Leroux.*
> [Latyn *satira* mengelmoes]

***MS*** Verduidelik aan die hand van voorbeelde hoe 'n satiriese toon in hierdie gedig, deur die gebruik van sekere goedgekose woorde, bewerkstellig word. (3)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

*Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.*

Lees die gedig "Fotodag" deur Loftus Marais (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

7.1 Verskaf TWEE redes waarom jy hierdie gedig as vrye vers kan tipeer. (2)

7.2 Die fotodag word as chaoties in die gedig beskryf.

Watter woord uit die gedig dui tog aan dat daar 'n mate van vasberadenheid in die dag was? (1)

7.3 7.3.1 Wat word deur die gebruik van die woord "rekwisiete" in reël 4 rakende die fotodag gesuggereer en hoe skakel die woorde "'n kleedrepetisie vir die regte wêreld" (reël 5) aan by die woord "rekwisiete"? (2)

7.3.2 Hoekom noem die digter die fotodag 'n kleedrepetisie vir die regte wêreld? Brei jou antwoord volledig uit. (2)

7.4 ***MS*** Lees die definisie van die woord "retrospeksie" uit die *HAT Aanlyn* en beantwoord die vraag wat volg:

> **re·tro·spek·sie** *s.nw.* [**retrospeksies**]
>
> kyk/blik op die verlede; terugblik: *In retrospeksie weet ek vandag waar ek gefouteer het.*

Die spreker kyk in retrospeksie terug na die fotodag. Tot watter besef kom hy en dink jy die besef is geregverdig? Gee 'n rede waarom sy besef geregverdig is en ook moontlik nie geregverdig kan word nie. (3)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

### VRAAG 8 ADVERTENSIE

*Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.*

Bestudeer die advertensies van SAL (Teks 8A en Teks 8B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

Verwys na beide Teks 8A en Teks 8B.

8.1 In beide advertensies kom foute voor.

8.1.1 Identifiseer en korrigeer die spelfout in die advertensieteks van Teks 8A. (1)

8.1.2 Identifiseer en korrigeer die spelfout in die advertensieteks van Teks 8B. (1)

8.2 Van watter tegniek maak beide die advertensies se bewoording gebruik om potensiële toeriste na Suid-Afrika en Suider-Afrika te lok?

Identifiseer die tegniek en noem ook of dit geslaagd is of nie. Verskaf 'n volledige rede vir jou antwoord. (2)

8.3 Wie, dink jy, is die tipe toeris waarop Teks 8A en Teks 8B onderskeidelik gemik is? (2)

8.4 ***MS*** Watter advertensie, ongeag die verskil in die jaar van publikasie en die teikenmark, is die effektiefste en sal die meeste toeriste na Suid-Afrika lok?

Verwys in jou antwoord na onder andere die visuele elemente, die bewoording en die bladuitleg. (4)

**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9

*Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.*

Bekyk die spotprent deur Fred Mouton (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

9.1 Gee 'n visuele bewys dat die mense op die bank onkant betrap is deur die mense wat hulle by die deur uitdra. (1)

9.2 Beskryf die verhouding tussen die mense op die bank deur na die woorde in die spraakborrel te verwys. (1)

9.3 9.3.1 Watter onderskeie emosies word deur die sittende mense sowel as die mense wat die bank uitdra, ervaar? (2)

9.3.2 Hoe ondersteun die mense se onderskeie gesigsuitdrukkings die emosies wat hulle ervaar? (2)

9.4 Watter afleiding rakende die strekking van die spotprent kan gemaak word deur na die verklarende sin in die linkerkantse hoek van die spotprent en die visuele uitbeelding in die spotprent te kyk? (2)

9.5 Dink jy daar kan 'n verband tussen die spotprent en Teks 1 in die Addendum getrek word? Verduidelik volledig. (2)

**[10]**

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024